Hoërskool PJ Olivier

Beleidsdokument – selfone en sosiale media.

Selfone en sosiale media is ‘n onlosmaaklike deel van ons samelewing en skoolgemeenskap. Ouers het nodig om te kommunikeer met hul kinders en tieners se selfone is van die eerste stappe tot emansipasie van hul ouers. Daarom moet ons die gebruik en etiket van hierdie tegnologie bestuur sodat ons skoolgemeenskap ingelig en beskerm is.

Selfoongebruik by Hoërskool PJ Olivier is onderdanig aan die volgende voorwaardes:

- Die skool neem geen verantwoordelikheid vir diefstal of verlies van enige selfoon nie.
- Geen gehoorstukke (oorfone) word toegelaat nie – nie in klasse of pouses nie.
- Indien ‘n leerder ‘n selfoon skool toe bring moet dit ingehandig word by die kantoor en dit aan die einde van die skooldag weer neem.
- Geen selfone word in ‘n eksamenlokaal toegelaat nie.
- Indien daar kommunikasie per selfoon geskied tussen ouer en kind, moet die skool ook daarvan verwittig wees. Dit verseker dat almal ingelig is oor voorvalle of gebeure.
- Geen selfoongebruik word in ‘n klas toegelaat sonder ‘n onderwyser se toestemming of toesig nie.

Die skool wil graag die volgende inligting deurgee aan alle selfoongebruikers en gebruikers van sosiale media in ons skoolgemeenskap aangaande gepaste en wettige gedrag.

- Alle sosiale media is PUBLIEK. Almal kan sien jy sê en doen op jou profiel. Alle vebruikers moet baie versigtig wees. Ons beveel aan dat jy privaatstellings maak op jou profiel om jouself te beveilig.
- Om mense sleg te sê, of vloekwoorde kwyt te raak in sosiale media is heeltemal onvanpas en kan jou in groot moeilikheid laat beland. Crimen injuria (naamskending) en laster is kriminele oortredings en jy kan vervolg word.
- Die ouderdomsbeperking op Facebook is 13.
- Ander sosiale media netwerke het sekere ouderdomsbeperkings op sekere toepassings (apps).

- Enige foto of uitbeelding van naaktheid op ‘n selfoon of sosiale media is onwettig. Dit is pornografie en die neem of aanstuur van sulke uitbeeldings sal krimineel vervolg word.
- Alle ouers, leerders en onderwysers word gewaarsku om versigtig te wees wie hul aanvaar as vriende op hul sosiale netwerke. Maak seker dat jy die persoon ken.

Die gemeenskap van Hoërskool PJ Olivier moedig die gebruik van tegnologie aan asook die opvoedkundige waarde daarvan. Ons stel dit ten doel om ‘n skoolgemeenskap te hê wat verantwoordelik en veilig daarmee omgaan.